Januarie 2017

Goeiedag Albatros,

Eerder laat as nooit. Ek is so jammer, amper glip Januarie se kamp verby sonder enige terugvoer of 'n nuusbrief van Albatros bestuur af.

Ek vertrou dat almal terug is in hul roetine na die somer vakansie. Dit sluit natuurlik ons pensioenarisse uit. Die Bosmans is nou op hulle toer deur die land. Ons het al so bietjie terugvoer van hulle af ontvang en dit lyk heerlik! Ek dink baie van ons wens ons kon ook so toer. Die Knipe's en Hugo's het ook na ons Leentjiesklip kamp bietjie by Hartenbos gaan onstspan en ek het verstaan dat van die ander seniors ook so bietjie gaan kuier het.

Ons volgende kamp is by De Hollandsche Molen met Alex Stramrood as kampleier en Benita Stramrood as bestuur. Ek en Duane moet verskoning maak vir die kamp maar vertrou dat julle dit sal geniet.

Albatros Groete,

Esmé Coetzee

Ons eerste kamp by Leentjiesklip het goed afgeskop met 22 lede en 2 gaste wat gekamp het. Dit was 'n heerlike ontspan kamp.



Johan Jacobs was Bestuur en Voorsitter vir die naweek en Helouise Jacobs was ons kampleier.  Martin Coetzee was ons Kuiken.




Lelanie van der Merwe en Heino Wessels is voorgestel.  Lelanie as nuwe lid en Heino wat as medelid van Leani Coetzee voorgestel is.  "Dit lyk eerder asof Lelanie wil weghardloop met haar koevert."



Ons het so paar aansporings gehad:

Johlene van Eyk (40 S), Leani en Heino (20 S), en Francois en Georgine Hugo (90 S) ontvang hul plaatjies van Johan af.



Na kerk lewer Johan Jacobs vir ons 'n treffende boodskap oor Hoop.  (Die vinger wys dat ons moet oplet!)





